

Die eksamineringspaneel moet bedank word vir die kwaliteit van die vraestel, en veral vir die kleurafbeeldings.

Onderwysers moet sorg dat hulle die nuutste PAT-dokument lees om te verseker dat hulle kandidate die korrekte terminologie en relevante kunstenaars vir elke afdeling leer.

Die volgende moet aangespreek word as die vraestel suksesvol beantwoord moet word:

- Visuele Kultuurstudie handel oor **kunswerke**. Sonder kunswerke sou daar nie so 'n vak bestaan het nie.
- Die eksamineringspaneel het baie moeite gedoen om 'n kleurvraestel te verkry. Te veel kandidate het egter die visuele bronne geïgnoreer en/of kon nie skryf oor bestudeerde en ongesiene werke nie. Daar was baie kandidate wat die vraestel beantwoord het sonder om selfs een kunswerk, afgesien van dié wat in die vraestel gegee is, te noem.
- Onderwysers moet hulle kandidate die **vaardigheid van visuele analise** leer:
 - 'n Kort beskrywing
 - Analise (gebruik van media, kunselemente soos kleur, lyn en vorm)
 - Interpretasie (in verband met die konteks van die werk)
- Die onderrig van visuele gelettertheid is van uiterste belang vir die Visuele Kunstevraestel waar 'n groot deel van die vraestel op visuele bronne gebaseer is. Dit was duidelik dat sommige kandidate geen insig in kunswerke kon toon deur die korrekte kunsterminologie te gebruik nie. Dit moet aangespreek word in die onderrig van die vak, bv. Vraag 7 (Multi-Media).
- Dit is belangrik om **basiese kunsterminologie** te onderrig.
- Kandidate moet die **betekenis van konsepte en style** soos naturalisme, abstraksie en ekspressionisme, verstaan — te veel werke is verkeerdelik as abstrak beskryf. In Vraag 2 kon baie kandidate nie die ongesiene voorbeelde koppel aan Kubisme, Duitse Ekspressionisme, ens. nie.
- In sommige sentrums het kandidate na baie min of geen kunswerke verwys nie. Kandidate moet 'n verskeidenheid van kunswerke gebruik om bewegings en die werk van individuele kunstenaars te verduidelik en te staaf. Dit beteken nie 'n lys van kunswerke nie, maar dat bewegings en kunstenaars deur die kunswerke verduidelik word. 'n Paar kandidate met uitsonderlike visuele geletterdheidsvaardighede het uitstekende antwoorde geskryf deur slegs na die gegee visuele bronne te verwys, bv. in vraag 2.
- Kandidate moet nie in hulle besprekings verval in persoonlike morele of etiese veronderstellings en oordele wanneer dit nie in die vraag gevra word nie, bv. vraag 3, 7, 8 en 9.
- Leer kandidate om spesifiek te wees en veralgemeende stellings te vermy. Hulle moet hulself afvra 'Hoekom?', 'Hoe?', ens., nadat hulle 'n stelling gemaak het. Kandidate moet alle kommentaar staaf.
- Elke vraag het 'n spesifieke vereiste formaat en rigting – dikwels is die vraag deur die kandidaat geïgnoreer. Kandidate moet geleer word om 'n spesifieke vraag te beantwoord en nie net 'n opsomming van 'n beweging of kunstenaar wat in 'n onderafdeling genoem is, te gee nie.
- Daar is dikwels te veel onnodige biografiese inligting gegee eerder as dat daar 'n aktiewe betrokkenheid by die kunstenaar se werke en die invloede daarop was.
- Paragraafvrae is dikwels puntsgewys beantwoord en daar was geen bespreking nie.
- Die inleiding was dikwels slegs 'n parafrase van die vraag, 'n praktyk wat veroorsaak dat die kandidaat kosbare skryftyd prysgee. Inleidings en slotte moet verband hou met die konteks van die vraag.
- 'n Goeie antwoord is 'n balans tussen feite, begrip, interpretasie en insig waar kunswerke die hoofrol speel.